PepsiCo se beleid oor menseregte in die werkplek

PepsiCo respekteer die waardigheid van ons werkers in die werkplek, en daarom maak ons séker van ons medewerkers se reg op persoonlike veiligheid, 'n veilige, skoon, gesonde werkplek en vryheid van enige soort teistering en mishandeling.

Ons is altyd billik en eerlik met ons medewerkers oor loonkwessies, vergoedingsvoordele en arbeidskwessies, en ons erken ons medewerkers se reg op vryheid van assosiasie. Ons forseer niemand om te werk nie en ons neem nie kinders in diens nie.

Ons duld nie diskriminasie nie en ons probeer gelyke geleenthede vir al ons medewerkers verkry.

Ons voldoen aan alle toepaslike wetgewing, regulasies en ander indiensnemingstandaarde, ongeag waar ons besigheid bedryf.

Ons moedig ons vennote, verskaffers, kontrakteurs en handelaars aan om hierdie beleidstandpunte te handhaaf. Ons verkies om besigheid te doen met mense en maatskappye wat dieselfde verbintenis tot menseregte het.

PepsiCo se beleid oor menseregte in die werkplek: Riglyne en definisies

Riglyne

Toepassing: Hierdie beleid is op alle PepsiCo-medewerkers van toepassing.

Minimum standaard: Alle PepsiCo-bedrywighede moet voldoen aan plaaslike wetgewing en regulasies. Hierdie beleid moet aan voldoen word indien daar geen toepaslike plaaslike wetgewing en regulasies is nie.

Hersien: Februarie 2009.

Definisies: Hierdie definisies moet saamgelees word met ons waardestandpunte en gedragkode, asook PepsiCo en sy afdelings se toepaslike beleidstandpunte oor verskeidenheid, omgewing, gesondheid en veiligheid, arbeid en mensehulpbronne.

Menseregte gaan oor drie dinge:

1. Respek: Persoonlike veiligheid, vryheid van teistering of mishandeling, vryheid van assosiasie.

2. Gelykheid: gelyke geleentheid met betrekking tot ouderdom, geslagtelikheid, ras, kleur, geloof, geslagsidentiteit, nasionale herkoms, seksuele oriëntasie, gestremdheid, veteraanstatus, swangerskapstatus of enige ander eienskap wat deur die toepaslike nasionale, staats- of plaaslike wetgewing beskerm word.

3. Waardigheid in die werkplek: Menswaardige arbeidstoestande, 'n veilige, gesonde werkplek, geen dwangarbeid nie en geen kinderarbeid nie.

Vryheid van assosiasie beteken: Medewerkers het, onderworpe aan wetgewing en maatskappybeleid, die reg om byeen te kom, onderling te kommunikeer en by assosiasies van hul keuse aan te sluit.

Afskaffing van dwangarbeid beteken: Geen gedwonge of prisoniersarbeid nie, en geen gebruik van fisiese straf of dreigemente van geweld of ander vorme van fisiese, seksuele, psigologiese of verbale teistering as metode van dissipline of beheer nie.

Afskaffing van kinderarbeid beteken: Niemand jonger as 15 jaar sal vir enige doel, hetsy voltyds of deeltyds en hetsy vir betaalde of onbetaalde werk, in diens geneem word nie.

Menslike arbeidstoestande beteken: 'n Veilige, gesonde, skoon werkomgewing met werkstasies met voldoende beligting, drinkbare drinkwater, geskikte ablusies, branduitgange en die nodige brandbestrydingstoerusting, noodhulpstelle en toegang tot nooddienste, insluitend die omgewing, brandweer en mediese dienste.